


# Hoe om seker te maak dat 'n bloeddrukapparaat korrek getoets is vir akkuraatheid



## Waarom moet ek 'n akkurate bloeddrukapparaat gebruik?

Die onakkurate meting van bloeddruk kan lei tot verkeerde diagnose en behandeling. Die geleentheid om die risiko van 'n hartaanval of beroerte te verminder, kan ook gemis word.



## Daar bestaan baie onakkurate bloeddrukapparate

Meer as 3000 bloeddrukapparate is beskikbaar, maar minder as 15% hiervan is behoorlik getoets vir akkuraatheid.

## Gebruik slegs monitors wat aanbeveel word deur die (gratis) lyste hieronder

Kies 'n lys vanaf u land of 'n algemene lys

### LYSTE VAN SPESIFIEKE LANDE

Klik die relevante land, en volg daardie aanwysings

[Britain](#)

[Ireland](#)

[Canada](#)

[Germany](#)

[Japan](#)

[United States of America](#)

### ALGEMENE LYSTE

#### STRIDE BP

<https://stridebp.org/bp-monitors>

bevat 'n lys van bloeddrukapparate gevalideer vir akkuraatheid. Volg die gedetailleerde instruksies oor hoe u hierdie lys kan deursoek op bladsy 2.

#### Medaval

[medaval.ie/blood-pressure-monitors/](http://medaval.ie/blood-pressure-monitors/)

lys bloeddrukapparate wat gevalideer is en ook wat nie gevalideer is nie. Volg die gedetailleerde instruksies oor hoe u hierdie lys kan deursoek op bladsy 3.



World Hypertension League



UNIVERSITY of TASMANIA

MENZIES +

Institute for Medical Research


# Hoe om te bepaal of 'n bloeddrukapparaat korrek getoets is met behulp van die STRIDE BP lys



## Stap-vir-stap gids

### 01 TIK

<https://stridebp.org/bp-monitors> in u webblaaiers.



### 02 SOEK

Sleutel die presiese model van die apparaat in die soekboksie in Alternatiewelik, tik die naam van die vervaardiger van die apparaat in en blaai deur die resultate totdat u die model van die apparaat vind.

Blood pressure monitors			
Search	ABC-123	Population	Use
Device Description	BrandX	Measurement site	Manufacturer
	ABC-123	Upper arm	

As die monitor onder die 'Device Description' gelys is, **is dit gevalideer**.

Blood pressure monitors			
Search	DEF-456	Population	Use
Device Description	No results found	Measurement site	Manufacturer
		Upper arm	

Indien "**No results found**" getoon word by 'Device Description', dan word die apparaat **nie aanbeveel vir gebruik nie**.



### Wenk:

die soekfunksie is **baie sensitief**. As daar 'n geringe fout in die vervaardiger of modelnaam is, sal dit beteken dat die apparaat nie gevind word nie, selfs al is dit gevalideer.



### Wenk:

As die vervaardiger se naam of die modelnommer van die apparaat nie gevind kan word nie, is die **apparaat waarskynlik nie gevalideer nie**.

**Moenie in die versoeking kom deur handelsmerke, pryse of resensies nie**



World Hypertension League



UNIVERSITY OF TASMANIA

**MENZIES** +  
Institute for Medical Research

# Hoe u kan bepaal of 'n bloeddrukapparaat korrek getoets is met behulp van die Medaval-lys



## Step by step guide

### 01 SOEK

Google\* die vervaardiger en model van die bloeddrukapparaat, tesame met die woord "Medaval". \*of enige ander soekenjin.



### 02 KYK

Soek en klik op die skakel met die Medavalevaluering van die apparaat. Ignoreer enige ander advertensiemateriaal wat in die eerste paar treffers na vore kan kom.



### 03 KONROLEER

Rol af na die akkuraatheidsverslag. Kyk na die Medavalassessering en-aanbeveling.

Assessment:	The technology used in the Brand X ABC-123, to measure blood pressure, has passed in a clinical validation study, in a general population, according to a recognised standard protocol, as published in a peer-reviewed publication.		
Accuracy Assessment	Medaval	Recommendation	★★ Recommendation



### Wenk:

As die vervaardiger se naam of die modelnommer van die apparaat nie gevindkan word nie, is die **apparaat waarskynlik nie gevalideer nie**.



### Wenk:

Medaval gebruik verskillende stergraderings, maar enige korrekte gevalideerde apparaat sal aanbeveel word, ongeag die aantal sterre.

**Moenie in die versoeking kom deur handelsmerke, pryse of resensies nie**



World Hypertension League



UNIVERSITY of TASMANIA

**MENZIES** +  
Institute for Medical Research